AKADEMIE

ALGEMENE KENNIS

Algemene Kennis is ‘n kultuuraktiwiteit. Dit is ‘n aktiwiteit wat verskeie geleenthede aan enige leerder bied om sy/haar potensiaal te ontwikkel. Die Algemene Kennis begin alreeds in die eerste week van die eerste kwartaal en eindig Augustusmaand met die Super 12 deelname as hoogtepunt. In September word die volgende jaar se deelnemers reeds vir deelname gekies. ‘n Aantal vriendskaplike kompetisies vind gedurende die jaar tussen die grade plaas. Alle leerders is welkom en word gedurende die jaar uitgenooi om deel te neem aan hierdie aktiwiteit.

DOEL VAN ALGEMENE KENNIS

Daar word gepoog om elke leerder se volle potensiaal te ontwikkel en sy gedagtegang te prikkel met meer as net die alledaagse nuus en nuusgebeure. Spanne word toegerus met “bleepers” wat leerders onder druk plaas om effektief en doeltreffend te funksioneer. Lewensvaardighede en hulpmiddele ontwikkel leerders vir toekomsgerigte probleme en uitdagings. Alle leerders van graad 1 tot graad 7 neem baie gretig deel.

HOEKOM AAN ALGEMENE KENNIS DEELNEEM?

Algemene Kennis bied die geleentheid om selfvertroue te kweek. Kennis is mag. Dit help jou om te groei in deelnemende gesprekke en jy kan jou mening lig om feite te staaf. Ledige ure kan met sinvolle geselsies gevul word met enige onderwerp wat kennis bevat.

TOOT
TOOT!!